aan die Staat verkoop en vandag, na sekere veranderinge, dien die gebou as Staatsbiblioteek.

## NAAMLYS VAN LEDE VAN DIE EERTYDSE „AURORA LOSIE".

DIT is besonder moeilik om 'n volledige naamlys van lede van die eertydse „Aurora Losie" en „Kapittel" saam te stel. Ek het egter probeer om 'n lys op te stel van persone wat op die een of ander tyd ampsdraers was. Daar mag dus nog meer name wees wat ek nie kon opspoor nie: Arnoldi, dr. G. B. A. D.; Becker, C. J.; Beckett, T. W.; Bezuidenhout, D. P.; Borel, L.; Bristowe, C.; Burnham, T. W.; Cubitt, I. & J.; Dawson, A. D.; De Beer, J. F.; Dely, W. A.; De Musa, V.; De Villiers, T. N.; De Vries, M.; Evans, C.; Genis, M. C.; Green, R. C.; Gros, H. F.; Haenert, Fred; Henshall, W.; Hodgson, J.; Jackson, T.; Jeppe, F. & H.; Johnson, E. T.; Kirsten, P. & W. F. S.; Kleyn, C. Fred.; Kosten, P.; Krogh, E. E. & T. C.; Leathern, Will; Lys, J. R.; Meintjies, S. J. & W. R.; Minnaar, J. C.; Moll, C.; MacLaren, W.; McHattie, J. S.; McKenzie, G.; Preller, J.; Rens, W. B.; Rex, F. C.; Ridley, John; Schuurman, A.; Sleightholm, J. P.; Smithers, M. J.; Trollope, S. W.; Ueckerman, Chs. & F.; Van der Berg, W. D.; Van Nispen, R.; Verdoorn, G. J.; Walker, A.; Weeber, O. C. en Zeiler, Fred.

## LYS VAN VOORSITTENDE MEESTERS.

SOVER ek uit almanakke en verslae in „De Volksstem" kon vasstel, was die Voorsittende Meesters van die „Aurora Losie" die volgende: 1866/8: M. de Vries; 1869/70: J. C. Preller; 1871: D. P. Bezuidenhout; 1872: P. Kosten; 1873/4: J. R. Lys; 1875: P. A. J. Kirsten; 1876/7: T. N. de Villiers; 1878: S. J. Meintjies en 1879: R. C. Green.

## DIE TWEE FOTO'S.

HIERBYGAANDE is twee foto's: een van die ampsdraers van die Losie en die ander een van die ampsdraers van die Kapittel, waarskynlik geneem het nadat die „Kapittel Aurora" gestig is. Opmerklik is dat verskillende persone ampsdraers is van die Losie sowel as van die Kapittel en dat hulle by albei byeenkomste die regalia van die hoër grade aan het.

In daardie dae was dit die algemene praktyk dat die regalia van die hoër grade by alle byeenkomste, hoër sowel as laer, gebruik kon word, maar dit is vandag nie meer die geval nie. Toe Christian C. Silberbauer in 1903 vir Duminy as Ged. Grootmeester vir Suid-Afrika opgevolg het, het hy hieraan 'n einde gemaak. Geen regalia van die hoër grade mag vandag by ander graadwerkings gebruik word nie en geen regalia kan in die openbaar gebruik word sonder spesiale dispensasie nie.

— J. A. LOMBARD.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

# EERWAARDES WATKINS EN KILNER BESOEK PRETORIA

IN deel II, nr. 7 van die historiese tydskrif „The Journal of the Methodist Historical Society of South Africa" (April 1957) is bladsye 162 e.v. gewy aan 'n uitvoerige beskrywing van die skriftelike nalatenskap van eerw. Owen Watkins van die Metodistiese Kerk. Eerw. Watkins het in 1876 in Natal aangekom en is, saam met Eerw. John Kilner, in 1880 na Pretoria gestuur om daar die nodige aanknopingspunte te soek om 'n nuwe kerklike distrik in die lewe te roep.

Op bl. 168 e.v. volg 'n letterlike weergawe van die aantekeninge wat Eerw. Watkins tydens die reis na Pretoria gemaak het. In die omgewing van Pretoria het die besoekers die biskop van Pretoria, dr. Bousfield, ontmoet en nog dieselfde dag het Eerw. Geo. Weavind en Mnr. (Thos.?) Beckett hul opwagting gemaak. Op 3 November 1880 het die besoekers Pretoria weer verlaat. Belangstellende lesers word aangeraai om die betrokke bladsye in die genoemde tydskrif te lees.

— J.P.

---

## *Uit Ons Briewebus:*

### MEV. C. DYASON ROEP DIE DOOD VAN HAAR VADER, J. A. DE VOGEL, DIE EERSTE POSMEESTER-GENERAAL VAN DIE S.A.R., IN HERINNERING.

DIT spyt die Redakteur dat die onderstaande interessante brief van mev. C. Dyason wat alreeds in Oktober 1955 geskrywe is, nou eers in „Pretoriana" gepubliseer word. Saam met die brief het mev. Dyason 'n koerantverslag van die droewige gebeurtenis en 'n gedig deur Albert Brodrick, getitel „In Remembrance", albei geplak op 'n musiekstuk deur Henry Smart asook 'n foto van haar vader, aan die Redakteur van „Pretoriana" gestuur. Ons betuig ons dank aan mev. Dyason vir die koerantuitknipsels en die foto wat aan die Argivaris van die „Genootskap Oud-Pretoria" vir veilige bewaring oorhandig sal word.

Mev. Dyason skryf as volg:— „Die bygaande is 'n verslag van die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services



*Mnr. J. A. de Vogel (regs op foto), die Eerste Posmeester-generaal van die S.A.R. in geselskap van posmeester Bylevelt (links) en mnr. De Waal (in die middel).*

dood van my vader, Johan Adam de Vogel, geplak op 'n musiekstuk wat uit een van die possakke gehaal is.

„In lewe was my vader die eerste Posmeester-generaal van die Suid-Afrikaanse Republiek en het saam met sy seuntjie van agt jaar, en mej. Webb, na 'n inspeksiereis na Potchefstroom, met die terugreis by Mulders-drift verdrink.

„Kan die stuk bewaar word in die argief van die Genootskap Oud-Pretoria?


„Ek sluit ook 'n portret in van my vader, regs met 'n kruisie gemerk, my stiefvader, mnr. Bylevelt, links met 'n O gemerk, toentertyd posmeester, en 'n vriend, mnr. De Waal.

„My vader het in 1872 na Suid-Afrika gekom en was op daardie tydstip aan my moeder, mej. E. E. Begemann, 'n niggie van ds. Begemann van Pretoria, verloof. Terwyl my vader op Wakkerstroom Landdros was, is hy met my moeder „met die handskoen" getroud. Kort daarna is hy aangestel as Posmeester-generaal in Pretoria. Ons het in Schoemanstraat gewoon, waar nou die Residensie Hotel is. Ek is die oudste en enigste oorlewende kind van my ouers en is in 1875 gebore.

„Ek weet dat my ouers mekaar op 'n seereis tussen Holland en Java ontmoet het. My moeder se vader, ook 'n ds. Begeman, het in Java gewoon, maar verder weet ek nie veel van die familie af nie, alleen dat hulle almal of in Den Haag of Amsterdam woon. Miskien het u van Jonkheer dr. C. G. S. Sandberg gehoor wat twee jaar terug hier in Pretoria oorlede is. Hy was 'n susterskind van my moeder. Ek self was getroud met mnr. Geo. Dyason, wat 25 jaar lank kampongbestuurder by die Pretoriase Stadsraad was. Hy is in 1930 oorlede."



Digitised by the University of Pretoria, Library Services



*Tyd is*
*vir ons meer kosbaar*
*as wat dit vir*
*ons grootvaders was*

Om tyd te spaar, open 'n rekening by die Nederlandse Bank van Suid-Afrika Beperk. Flinke en doeltreffende bediening wag hier op u.

*spaar tyd—spaar geld by*

# NEDERLANDSE BANK VAN SUID-AFRIKA BEPERK

*(Geregistreerde Handelsbank)*

WERK REG MET U GELD EN U GELD SAL REG MET U WERK

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

**Genootskap Oud-Pretoria**
(Gestig 22 Maart 1948)

**Association Old Pretoria**
(Founded 22 March, 1948)

**Ons doel:** Om te waak oor die geskiedenis van ons stad en distrik.

**Our aim:** To preserve the past for the future of our city and district.


BESTUUR:

EXECUTIVE COMMITTEE:

*Ere-President* — DIE BURGEMEESTER OF PRETORIA — *Honorary President.*
THE MAYOR OF PRETORIA.
*Voorsitter* — Dr. W. PUNT — *Chairman.*
*Ondervoorsitter* — Dr. G. W. EYBERS — *Vice-Chairman*
*Sekretaris* — Dr. F. J. DU TOIT SPIES — *Secretary.*
*Penningmeester* — Mnr./Mr. G. RISSIK — *Treasurer.*
*Argivaris* — Mnr./Mr. J. PRELLER — *Archivist.*
*Redakteur* — Mnr./Mr. H. M. REX — *Editor.*
*Lede* — Mej./Miss J. H. DAVIES — *Members.*
Mr. C. L. DE BRUYN.
Mnr./Mr. J. S. MEYER.
Dr. V. FITZSIMONS.
*Een vakature/One vacancy.*
*Verteenwoordiger van die Stadsraad/Representative of the City Council:*
Mnr. W. J. BRITZ


Contributions may be sent to the Editor, P.O. Box 1422, Pretoria. Bydraes moet asb. gestuur word aan die Redakteur, Posbus 1422, Pretoria.


Gedruk deur Victoria Drukkery, Swemmerstraat 504, Gezina, Pretoria.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services